

10 Januarie Lees: 2 Konings 20:1-11 (Teks: Jes 38:7 en 8)

God draai die horlosie terug

As daar een ding is waarvan ons by die wisseling van die jaar seker almal intens bewus is, dan is dit dat die tyd "vlieg"! Ja, die ritme en die tempo van die gejaagde moderne lewe word steeds feller. Ons het letterlik "geen" tyd nie - nie vir onself nie, nie vir ons naaste nie, en baie maal ook nie vir God nie - want ons is in baie opsigte slawe van die horlosie.

God is egter in beheer van die tyd en die geskiedenis, en ook van jou en my lewe. Ons sien dit ook in die lewe van koning Hiskia wat in die krag van sy lewe die doodstyd uit Jesaja se mond moes verneem: "So spreek die Here:jy sal sterwe en nie lewe nie" (2 Kon. 20:1).

Nou pleit die magtelose koning by die Almagtige Koning van hemel en aarde. En God het sy biddende en worstelende kind gesien en verhoor. Jesaja word opdrag gegee om vir Hiskia te gaan sê dat die Here hom gesond sal maak en dat hy op die derde dag sal opgaan na die huis van die Here om Hom te dank vir die genesing.

In ons teksverse gee die Here aan Hiskia 'n teken om sy belofte aan hom te bevestig: Hy sal die skaduwee wat die son gooi op die sonwyser van Agas, tien grade laat teruggaan. Met ander woorde, God draai die horlosie terug!

En Hy voeg vyftien jaar aan Hiskia se lewe toe sodat hy sy hervormingswerk in die diens van die Here kan voltooi.

Ja, eendag, as ons Here Jesus Christus weer kom op die wolke van die hemel, sal alle horlosies vir altyd gaan staan. Dan sal ons waarlik tyd hê vir alles: Om God te dien en eer, in "eindelose ewighede!"

Sing: Psalm 90:1,9
Wonderboom-Suid)

Ds. K. van Niekerk (Pretoria-